## 29 Maart 2 Timoteus 4:1-8 (vers 5d)

### *Vervul jou roeping, want jy is geroep*

"Roeping" is 'n pragtige woord. Dit is 'n woord wat in elke mens se woordeskat behoort te bestaan maar dan nie net in ons spraakgebruik nie. Dit moet ook 'n doen-woord, 'n werkwoord wees.

Die woord "roeping" sê: daar is 'n Roeper. As Christengelowiges glo ons dat die Roeper God, die almagtige Here, is. As dié Roeper verwag Hy 'n antwoord van ons - antwoorde nie net in wat ons sê nie, maar ook en veral in wat ons doen. Elke mens - of jy dit weet, nie weet of nie wil weet nie - is in sy diepste wese 'n geroepene van God. Die ongelowiges en die heidene dink nie so oor hulle lewe nie. En tog, uiteindelik sal die Regter van hemel en aarde almal voor die gerigstroon roep om verantwoording te doen.

Om te antwoord op jou roeping is om te hoor dat die Here jou roep - en dan nie net in die groot en gewigtige dinge van die lewe nie. Ook in die klein dingetjies van die lewe roep Hy jou en is jy 'n geroepene. Wie sy eie straatjie skoonvee, is ook medewerker om die weg van die koninkryk na die ewigheid te berei. Jy is deel van God se grondpersoneel.

As geroepene van die Here pak elke dag moedig en gelowig aan en maak die beste gebruik van elke geleentheid. Vervul jou roeping en *"voer al die pligte van jou bediening uit"* (2 Tim 4:5d), want jy is geroep. So sal jy jou Roeper, jou Skepper en Here, dien, jou menswees verryk en verdiep en tot 'n seën wees in jou kontrei.

Sing: Skrifberyming 49:3

Dr. RW. Bingle (Kaapstad)